

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



NOVEMBER
2013



Job Mothusi van Weltevreden in die Noordwes Provinsie ondersoek sy mielies wat opkom.

Beplan vooruit vir jou mielieseisoen

Hierdie komende plantseisoen beloofinderdaad om 'n baie uitdagende een te wees. In baie gebiede, soos byvoorbeeld die Noordwes Provinsie en die Vrystaat, begin ons met min grondvog. Baie boerderye moet kleiner begrotings vir insette hanteer as gevolg van die vorige seisoen se swak mielie-oes en om die waarheid te sê, het mieliepryse nie regtig die afgelope seisoen baie gehelp nie, ten spyte van lae opbrengste in hierdie streke.

Dus is die uitdaging die volgende: Hoe beplan ons vir 'n nuwe plantseisoen onder sulke omstandighede? Sommige sal sê: "Doen dieselfde as wat jy altyd doen, moenie iets drasties anders doen nie." Ander sal sê: "Plant later." – of selfs, "Moet glad nie plant nie!" Die werklikheid is dat wanneer die eerste reëns val en jou bank of agribesigheid 'n nuwe produksielining goedgekeur het, word jy 'n mielieboer wat net een ding ken en

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsente

Lees Binne:

- 03** | 'n Inleiding tot mielieboerdery met die geenbewerkingsmetode
- 05** | Graan SA voer 'n onderhoud met...Alan Jefftha
- 12** | Kom ons sê nagmuise die stryd aan!





OUMA JANE SÊ...

Ons hoop en bid dat teen die tyd dat jy hierdie artikel lees, jy al die meeste van jou somergewasse kon plant. Dit is so belangrik om die saad op die regte tyd in die grond te kry, beide vir die verwagte reën asook vir die plant se hittebehoeftes. Plante is baie sensitief vir hitte-eenhede en laat aanplantings lei dikwels tot swak opbrengs, bloot omdat die dae gedurende die herfs nie warm genoeg is om goeie graanontwikkeling te bevorder nie.

Ek het onlangs by 'n winkel gaan mieliemeel koop – ek was geskok oor die prys van R25,99 vir 'n 5 kg-sak meel. Dit beteken 'n prys van meer as R5 000/ton. Ek dink nie enige boer is in die afgelope jaar meer as die helfte van hierdie bedrag betaal nie. Dit is 'n baie belangrike aspek van voedselserkerheid op huishoudelike vlak – wat is die koste van die graan en wat betaal die verbruiker?

Kom ons neem aan dat die koste om 1 ton mielies te produseer, ter enige tyd onder die verkoopprys van mielies is (dit moet waar wees vir die gemiddelde boer, anders sal hy nie 'n bestaan kan maak nie). Kom ons neem verder aan dat 'n familie 1 ton mielies/jaar benodig – indien jy meer as een ton produseer, sal jy dit óf verkoop, óf vir jou vee voer.

Die koste per maand van die mieliemeel in die huis (teen die boer se prys vir mielies) sou in die omgewing van R192/maand wees. (Die koste van 1 ton word geneem teen R2 300/ton en ons neem aan dat 'n familie 80 kg/maand gebruik.)

Kom ons gaan terug na die prys wat ek onlangs in die supermark betaal het – dit was R5/kg. Vir die 80 kg, sal die koste R400/maand wees (per sak). Met ander woorde, deur mielies vir jou familie te produseer (1 ton/jaar), kan jy meer as R200/maand bespaar.

Sal elkeen asseblief probeer om ten minste die mielies wat julle vir jul familie nodig het, self te produseer – jy behoort dit te kan doen op 'n kwart hektaar. Dink hoe wonderlik dit sal wees as niemand hoef honger te ly nie.

Beplan vooruit vir jou mielieseisoen

dit is om mielies te produseer! Ons boere word instinktief gedryf om op ons lande te werk en te plant, en ons weet dat ons weer moet probeer... Ons moet die groot wiele laat rol en die vars saad in die grond kry!

Mielieproduksie is 'n hoë-risiko onderneming. As jy gelukkig genoeg is om een van diegene te wees wat verlede seisoen 'n goeie mielie-oes gehad het, kan jy met 'n blye hart begin, maar vir baie van ons moet ons 'n paar belangrike kwessies aanspreek om sodoende ons kanse te verbeter en ons risiko's te verminder.

- Neem grondmonsters betyds, sodat kunsmis bestel kan word.
- Kry advies van kundiges en verteenwoordigers van die saadmaatskappye wat jou omgewing ken en bespreek watter kultivars mieliesaad jy kan plant.
- Leer ken die karakter en groeitye van die verskillende variëteite mieliesaad. Hulle is almal verskillend met verskillende voordele vir verschillende groeitoestande.
- Maak seker dat al jou ander insette bestel is en gereed is vir jou om in staat te wees om jou venstertydperk te gebruik om optimaal te kan plant.
- Moenie te vroeg plant waar voginhoud nog baie laag is nie.
- Maak seker dat jy ten minste jou bogrond losgemaak het om die penetrasie van die reën wanneer dit kom, te bevorder deur middel van of sny, of te bewerk met 'n krultand "vibroflex"-implement.
- Maak seker dat vroeë onkruid beheer word, hetsy chemies of met 'n tandimplement om beskikbare vog te bewaar. Jou onkruidbeheer-program is van kritieke belang en sal die groei van jou mielieplant asook die aantal pitte wat op die kop ontwikkel, beïnvloed en dus kan jou hele oes negatief beïnvloed word deur swak onkruidbeheer gedurende die seisoen.
- Verseker instandhouding op jou planters en ander primêre bewerkingsimplemente; dit is om tande op vibroflex-implemente en skare op ploeë te vervang, omdat jy nie tyd kan mors indien dit laat reën soos dit soms deesdae gebeur nie!
- Ondersoek die mieliegroeiseisoen in die lang termyn en oorweeg jou bemarkingsopsies nog voordat jy jou eerste pitte in die grond sit. Besluit wat jy nodig het vir plaasgebruik, soos byvoorbeeld vir huishoudelike gebruik en as veevoer en kyk dan hoe en waar jy die res van jou oes kan verkoop.
- Dit is baie belangrik om vertroud te raak met



'n Inleiding tot mielieboerdery met die geenbewerkingsmetode

die manier waarop die Suid-Afrikaanse graanhandel in die mark werk, selfs indien jy 'n agent het wat jou help. Staan tyd af om hulp te kry, sodat jy Safex verstaan en hoe dit werk. Maak seker jy verstaan die "vervoerdifferensiaal" en wat die doel daarvan is, sodat jy die beste moontlike prys vir jou mielie-oes kan onderhandel.

- Oesversekering is duur, maar kan nuttig wees tydens 'n besondere riskante seisoen. Dit is raadsaam om jou agri- of kredietverskaffer te kontak en jou opsies te bespreek en of jy kan kwalifiseer vir oesversekering vir die komende seisoen. Jy kan dit nie as vanselfsprekend aanvaar dat jy sal kwalifiseer nie, omdat versekeringsmaatskappye nie gewaarborg is om jou outomatisies dekking te bied nie.

Wees gedissiplineerd dwarsdeur die mieliegroeiseisoen. Dit is nie wys om 'n klomp geld te spandeer om 'n mielie-oes in te sit en dit dan nie te bestuur en toesig daaroor te hou in die lang termyn nie.

- Dit beteken dat jy byna daagliks op jou lande teenwoordig sal wees;
- Dit beteken dat jy jou trekkers en implemente in 'n goeie werkende toestand salhou;
- Dit beteken om al jou voorraad netjies in jou skuur te hou totdat dit benodig word en chemikalië en gifstowwe veilig agter slot en gordel te hou;
- Dit beteken dat jou rekeninge en kantooradministrasie netjies en op datum is;
- Dit beteken ook dat jy die breinkennis van plaaslike kundiges en ander meer gevorderde boere in jou omgewing sal gebruik; en
- Dit beteken dat jy by jou organisasie, Graan SA, sal aansluit en vergaderings, studiegroepe en opleiding op 'n deurlopende basis sal bywoon – en ons insiggewende Pula/Imvula maandeliks van voor tot agter sal lees, natuurlik!

Geen boer kan ooit sê dat hy alles wat daar is om te weet, geleer het nie. Die mielie-omgewing is dinamies, progressief en steeds veranderend, omdat saadmaatskappye daarna streef om hul saad te verbeter en chemiese maatskappye nuwe, meer doeltreffende produkte lewer. Dit is elke boer se verantwoordelikheid om navraag te doen en soveel as moontlik te lees om homself op hierdie manier toe te rus om 'n beter boer te wees en só sy vinger op die pols van die dinamiese mielie-industrie in ons land te hou.

**Artikel voorsien deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**

Geenbewerking-mielieboerdery word reeds vir baie jare oor die wêreld heen beoefen en tog word dit in Suid-Afrika slegs in klein groeperinge aangevind waar sommige progressiewe boere vir baie jare besig is met die toepassing van die proses. Dit is belangrik om daarop te let dat geenbewerking-boerderystelsels geskik kan wees vir beide groot- en klein boerdery.

Geenbewerking-boerderypraktyke laat 'n deklaag op die oppervlak van die grond wat die opbou van organiese materiaal in die grond gevoglik aanmoedig. Die organiese materiaal bestaan uit 'n wye verskeidenheid van verbindings wat lewe gee en skep vrugbare en produktiewe grond. Die ontbinde organiese materiaal, beter bekend as humus, is in staat om baie voedingstowwe te hou en dit vir plante beskikbaar te maak.

Dit is ook waar dat daar net soveel mislukkings as suksesse in die implementering van geenbewerking-boerderystelsels is. Daar word algemeen geglo dat die sukses van geenbewerking-mielies neerkom op vier faktore, naamlik gesindheid, vorige gewas, grondtipes en die geenbewerking-planter. Van die vier faktore is drie hanteerbaar – grondtipe is nie. 'n Mens se gesindheid sal in elk geval 'n invloed hê op die vlak van sukses in elke aspek van 'n mens se lewe, nie net boerdery nie. As 'n boer geenbewerking-mielies halfhartig plant, sal hy waarskynlik uiteindelik met die helfte van die oes sit! Sukses met geenbewerking vereis beslis gevorderde beplanning en voorbereiding om te verseker dat die oorgang suksesvol is.

Voordat jy die groot stap neem

Ken jou grondtipe. Geenbewerking is haalbaar op die meeste leemgrond, terwyl baie produente 'n groot taak met geenbewerking verrig en



Terwyl hy op 'n plaas in Suid-Dakota gewerk het, het Gavin Mathews hierdie foto van koringreste geneem. (Foto: Gavin Mathews)

'n Inleiding tot mielieboerdery met die geenbewerkingsmetode

die voordele van grondbewaring veral in die lang termyn pluk, omdat die werklike voordele van geenbewerking-mielies eers ná vier tot vyf jaar in die stelsel behaal word.

Oorweeg om klein te begin en deur ontvinding te leer. Die meeste boere begin stadig en leer soveel as moontlik voor die omskakeling van hul hele boerdery na geenbewerking.

Hoekom geenbewerking vir mielies?

- Daar is toenemende belangstelling in geenbewerking, veral in die lig van die toenemende insetuitgawes en stygende brandstofkoste.
- Minder landbewerking is nodig, dus sal 'n trekker minder op die land werk as met konvensionele bewerking – dit verminder ook tyd en arbeidsuitgawes.
- Ander faktore wat voordeel kan trek deur geenbewerking, is:
 - Die behoefte om vog te bewaar;
 - Die behoefte om die gesondheidstatus van die grond natuurlik op te bou;
 - Minder slytasie op duur masjinerie;
 - Ten spyte van die aanvanklike koste van die geenbewerking-planter wat spesiaal ontwerp is, het dit geblyk dat kapitaal-beleggings in masjinerie in die lang termyn laer is.
- Geenbewerkspraktyke wat die vorige seisoen se materiaal op die oppervlak van die grond laat, verminder waterafloop en verminder die gevolge van gronderosie deur wind en water.
- Suid-Afrika het ernstige probleme met gronderosie in sommige streke en die geenbewerkingstelsel kan 'n instrument tot die vermindering van die probleem wees.
- Die organiese materiaal wat deur oesreste voorsien word, kan grondstruktuur en vrugbaarheid verbeter.
- Verbeterde grondkwaliteit beïnvloed gewasopbrengs en produktiwiteit positief. Omdat geenbewerking die struktuur van die grond verbeter, sal die koste van produksie daal, maar die produksiepotensiaal sal toeneem.

Bestuursoorwegings

Ten einde die beste oespotensiaal op geenbewerking-lande te verkry, is daar 'n paar belangrike kwessies wat aandag moet geniet.

Bekalking

Die beste grond-pH vir geenbewerking is 5,5 - 6,5, want dit sal effektiewe onkruiddoderaktiwiteit bevorder en voedingstofbeskikbaarheid tot die maksimum verhoog.

Bevrugting

Ontleed jou grond gereeld en pas die toediening van fosfate en potas dienooreenkomsig aan. Grond word stadiger warm onder die oesreste en daarom is dit raadsaam om 'n aanvangsbevestiging van stikstof en fosfor toe te dien om die mielies 'n goeie begin te gee.

Plantdatum

Boere het geleer dat grondtemperatuur teen 2" (twee duim)-diepte aansienlik koeler onder geenbewerking is as by tradisionele bewerking. Dit beteken dat dit dalk wys is om geenbewerking-mielies effens later te plant as met konvensionele bewerking, omdat mieliesaad baie sensitief is vir grondtemperatuur tydens die ontkieming stadium.

Geenbewerking-planter

Die geenbewerking-planter is 'n groot uitgawe. Dit is 'n goeie idee om te probeer om een te huur tydens die eerste fase van oorgang. Die tipe bedekking op die land sal bepaal hoe die planter gestel moet word, omdat geenbewerking-planter deur die reste moet sny en die saad eweredig moet plaas op die regte diepte, sodat dit die beste kontak met die grond het. Die planter moet die grond om die saad ferm vasdruk om sodoende goeie ontkieming en opkoms te verseker. Hierdie planters het dikwels dubbelsnit-saadlemme, terwyl smal-, enkel- of dubbeldrukwiele gebruik word om die grond om die saad stewig vas te druk. Die mees kritieke faktor gedurende die plantproses is die grond-tot-saad kontak en plantdiepte.

Onkruidbeheer

Onkruidbeheer is van kritieke belang vir die sukses van geenbewerkingstelsels, omdat daar nie tradisionele bewerkingsprosesse is wat die onkruid omwerk nie. Onkruiddoderoeltreffendheid kan ook verminder word deur die hoeveelheid reste op die land van gewasse en onkruid, wat die onkruiddoder sal bind en

'n fisiese versperring vorm, sodat die onkruiddoder nie eweredig toegedien kan word nie. Om dié rede moet die keuse van onkruiddoders, die tempo van toediening en die metode van toediening besondere aandag geniet. Dit is nie 'n onoorkomelike probleem nie en dit is ook waar dat die reste op die oppervlak van die grond die groei van onkruid kan bemoeilik deur die onderdrukking van sommige spesies.

Dit is 'n goeie idee om voortdurend met kundiges te konsulteer, omdat die wydverspreide en deurlopende gebruik van dieselfde onkruiddoder probleme skep en die rede is vir verhoogde weerstand teen onkruiddoders. Onkruiddoders en hul kombinasies moet dus gereeld geroteer word.

Tipes oesreste

Verskillende gewasse laat verskillende tipes en kwaliteit reste op die land. Sommige produseer gunstige geenbewerking-planttoestande soos sojabone of hooigewasse, terwyl ander moeilike toestande skep, soos byvoorbeeld mielies op mielies. Dit is belangrik om te weet watter voordele en uitdagings daar sal wees deur elke verskillende gewas wat op 'n spesifieke land geroteer word. Peulgewasse bied stikstof wat die grond verryk, terwyl ander oesreste geneig kan wees om insekte te huisves wat bestuur moet word voor dat die nuwe gewas aangeplant word. Mielies kan geplant word op mieliereste, maar aandag moet gegee word aan beheer van insekte en onkruid.

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die geenbewerkingsmetode van boerdery groot potensiaal inhoud vir die toekoms, met baie voordele vir die produksie van mielies en ander gewasse. Die waarde van beter grondvog en grondgesondheid, gekombineer met verminderde gronderosie en dus minder grondvoedingstofverliese, kan nie onderskat word as 'n nuttige instrument vir die toekoms in 'n omgewing wat moet aanpas by klimaatsverandering en die verhoogde eise van die grond nie.

**Artikel voorsien deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer
inligting, stuur 'n e-pos na
jenjonmat@gmail.com.**

Graan SA voer 'n onderhoud met...

Alan Jeftha

Die redaksie het hierdie maand tyd gemaak om Alan Jeftha te leer ken. Alan boer op Suurbraak en Constantia in die Suid-Kaap. Lees meer oor dié gemotiveerde boer wat glo in bewaring- en geenbewerking-boerdery.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy?

Waarmee boer jy?

Ek boer op Suurbraak en het twee komponente in my boerdery, naamlik graan (koring, kanola en gars) en vee (Fleckvieh Simmentaler-beeste, Hampshire Down-skape vir lam- en wolproduksie sowel as Saanen-suiwelbokke). Ek boer ook met 'n Shiraz-wingerd op Constantia. Op Suurbraak het ek hierdie jaar 90 ha graan en 25 ha medics vir weiding aangeplant en dan besit ek sowat 50 ha veld vir weiding. Op Constantia het ek 1 ha Shiraz op 'n prieelstelsel geplant.

Wat motiveer/inspireer jou?

Ek is gemotiveerd om kommersieel te boer en om by te dra tot voedselproduksie vir ons land, terwyl ek die omgewing beskerm en daarvoor omgee en ook tot werkskepping bydra. Ek glo in bewaring en geenbewerking-boerdery, die bewaring van die Renosterveld wat ons by Suurbraak het en om te leer hoe om kommersieel te boer in harmonie met die biodiversiteit wat in die veld by Suurbraak bestaan.

Beskryf jou sterkpunte en swakhede

My sterkpunte is dat ek 'n goeie luisteraar is en gretig is om by my mentor, Dirk van Papendorp, en van my kollegas wat saam met my lede van die Suurbraak Graanboere Koöperasie is, te leer. My swakhed is dat ek my tyd meer moet bestuur, omdat ek in gemeenskapsontwikkeling en die verligting van armoede glo, en dit kan baie tyd in beslag neem.

Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ek het drie jaar gelede met graanproduksie begin toe ek 45 ha onder koring en hawer geplant het, en 1,5 ton/ha geoes het. Hierdie jaar het ek 90 ha onder graan geplant en 25 ha onder medics en my graanopbrengs is nou 2,2 ton/ha. Volgende jaar beplan ek om 125 ha onder graan te plant en sal medics verhoog tot sowat 35 ha. Met bewa-

ringsboerdery en die opbou van oesreste op die graanlande en die bestuur van weiding, hoop ek om die koolstofinhoud in my lande te verhoog en mikroörganismes en waterretensie te bevorder en dus hoop ek om my opbrengs na 2,5 ton/ha vir koring of gars te verhoog en tot 1,5 ton/ha vir kanola.

Wat sou jy sê is die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Mentorskap, ondersteuning en opleiding van Graan SA en sy stelsels asook deurlopende opleiding.

Watter opleiding het jy tot op hede ontvang en watter opleiding wil jy nog doen?

Ek het opleiding ontvang in modules 1 en 2 van Koringproduksie, aangebied deur Graan SA. Ek het ook Toerusting- en Trekkeronderhoud van SSK voltooi, Wynmaak en Wingerd van die Universiteit van Stellenbosch asook die produksie van kaas en heuningbyboerdery. Ek het bokkaas gemaak en ek verhoog nou my Saanenkudde na sowat 120 Saanen, sodat ek 'n kaas- en joghurtverwerkingsaanleg op my plaas by Suurbraak kan vestig. As deel van biodiversiteit, bestuur ek sowat 30 byekorwe en gaan dit binnekort na sowat 100 korwe, wat ons self gaan bou, verhoog.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

Oor vyf jaar wil ek steeds boer en graan op 150 ha produseer; ek wil ook my beeste verminder en die

melkbokke na sowat 200 diere vermeerder en terselfdertyd ook met skape en heuningbye op Suurbraak boer. Ek wil ongeveer 12 ton Shiraz op Constantia produseer en my eie wyn maak onder ons handelsmerk, wat Constantiavale heet. Ek wil ook saam met Suurbraak Graanboere Koöperasie boer op 'n plaas waar ons minstens 1 000 ha onder koring kan plant.

Watter raad het jy vir jong aspirant-boere?

Luister en leer van suksesvolle kommersiële boere en bedryfsliggame soos Graan SA, pas bewaringsboerderypraktyke toe en moet nooit ophou leer nie.

**Artikel voorsien deur Liana Stroebel,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na liana@grainsa.co.za.**



Verseker 'n winsgewende sonneblomoes hierdie seisoen

Die nuwe plantseisoen vir somerge-wasse en sonneblom in die besonder, is net om die draai. Dit voel egter asof strooptyd eers 'n klein rukkie gelede afgehandel is.

Die SAGIS-oesskattings vir die 2013-oes toon dat 'n totale nasionale oes van 566 600 ton afkomstig is van 504 700 ha. Dit kom neer op 'n gemiddeld van 1,12 ton/ha. Die lae gemiddelde opbrengs is 'n weerspieëeling van die uiters wisselende reënval wat in die belangrikste somerproduksiegebiede ervaar is. Waar voldoende reënval ontvang is, is 1,8 ton/ha tot 2,0 ton/ha behaal. Ander gebiede het min of geen opbrengs behaal nie. Vergelyk die nasionale gemiddelde met die opbrengs wat op jou plaas behaal is.

Die termynmarkprys vir sonneblom vir levering in Maart 2014 word aangehaal teen R5 125 en val dan tot R4 840 vir Mei 2014 nadat die oes gelewer is. 'n Prys van R5 000 kan gebruik word vir jou produksiebeplanning en brutomarge-analise. Sonneblom kan een van die beter oesopsies vir winsgewende produksie wees hierdie seisoen, indien jy kan streef na 'n opbrengsteiken van minstens 1,5 ton/ha

behaal. Maak seker dat jy op gronde plant watoor hierdie produksiepotensiaal beskik.

Gestoorde vog en grondtoestande

Die land beleef 'n uiters droë tydperk in die meeste produksieareas, met baie min laat herfs-reën en laat winterreën wat ten tye van die skryf van die artikel ontvang is. Jy kon dalk gelukkig gewees het om gestoorde grondvog te hê waarop jy jou sonneblomproduksiebeplanning kan doen en moontlike plantdatums kan baseer.

Die area wat jy beplan om onder sonneblom, mielies, sojabone en ander gewasse te plant, word grootliks deur die reënval wat gedurende die laaste weke van September en in Oktober ontvang is, beïnvloed. Indien nie genoeg reën ontvang is om met die opbou van vog en grondbewerking voorplant te begin nie, sal boere geneig wees om minder sojabone en mielies te plant. Beide hierdie gewasse en veral sojabone, het 'n kort kritiese planttyd vir kommersiel lewensvatbare opbrengste.

Gelukkig het sonneblom 'n langer planttyd, wat in Oktober begin en tot Januarie in die westelike plantgebiede duur.

Moenie die risiko neem om te plant op lande wat nie genoeg vog in die hele grondprofiel het nie!

Hoeveelheid en gehalte bastersaad

Indien bogenoemde realiteit in ag geneem word, sal dit verstandig wees om genoeg sonneblomsaad te bestel, met 'n verskeidenheid van volwassenheidsdatums. Jy kan dan die opsies uitoefen om vroeg te plant indien jy genoeg vog in die grondprofiel het en 'n kortseisoen-kultivar byderhand hou in jou stoor om later te plant indien goeie reën gedurende November of vroeg Desember val.

Saad en kultivarkeuse

Slegs goeie gehalte, eenvormige saad met 'n hoë ontkiemingspersentasie van 'n kultivar wat in jou area of op jou plaas bewys is, moet van een van die baie maatskappye wat saad bemark, aangekoop word. Die sonneblomtelingsbedryf in Suid-Afrika kan as volwasse beskou word, met baie kennis oor die toepassing van produksieprakteke wat van hierdie maatskappye beskikbaar is. Gebruik altyd kultivars met bekende resultate in jou area of op jou plaas.

Verskeie kultivars is op die mark beskikbaar wat teen spesifieke chemiese sputstowwe bestand is en dus geplant kan word met die oog op uitstekende onkruidbeheer onder konvensionele bewerking.

Tabel 1: Opsomming van die ideale plantpopulasie.

Opbrengspotensiaal kg/ha	Areas (plante/ha)	Finale saadspasiëring in 90 cm-rye afgerond
1 000 - 1 200	25 000 - 30 000	45 cm en 36 cm
1 200 - 2 000	30 000 - 35 000	36 cm en 32 cm
2 000 - 3 000	35 000 - 40 000	32 cm en 28 cm
3 000 - 4 000	40 000 - 50 000	28 cm en 22 cm

Maak seker dat die saad wat jy koop, die regte grootte vir jou bestaande plate is, indien jy nog 'n plaattipe-planter gebruik. 'n Kleiner saadgrootte kan gebruik word vir lugdruktipe-planters. Indien die boer vir sowat 40 000 plante/ha mik, kan hy vir sowat 3 kg saad/ha begroot. Die saadverskafferverteenwoordiger kan geraadpleeg word vir die korrekte saadgrootte en die massa per hektaar. Koop genoeg saad vir herplant, of om met mielies of sojabone te vervang indien die behoefté ontstaan. Indien al die boere van plan is om 'n groter area onder sonneblom te plant, sal daar waarskynlik 'n tekort aan saad later in die seisoen ontstaan.

Plantdatums, plantdiepte en plantpopulasie

Indien die boer besluit om vir 'n vroeë oes te plant en om hoër toekomstige pryse te vang en dus in September te plant, sal slegs 'n goeie grondvogaprofiel aanbeveel word.

Die optimale plantdatums in die koeler oostelike dele is van die begin van November tot die eerste week in Desember. In die sentrale gebiede is die optimale plantdatums vanaf die laaste week in November tot aan die einde van Desember en vir die droër westelike gebiede vanaf die laaste week in Desember tot die middel van Januarie.

Stel jou planter sodat die saad tussen 2,5 cm en 5 cm (die maksimum) geplaas word, afhangende van die oppervlakreste, grondvogtosteande en tipe grond. Die korrekte snylemme met akkurate dieptebeheer wat die grond stewig vasdruk aan elke kant, maar nie bokant die saad nie, word aanbeveel. Wees altyd op die land tydens

plant om planttoestande wat gedurende die dag van vroegoggend, middag en dan later in die middag kan verander, te monitor. Die plantdiepte mag aanpassings gedurende die dag benodig indien die vogtoestande verander. Maak altyd seker dat die saad stewig in kontak met die klam grond is.

Die ideale plantpopulasie, synde die finale plantestand na-opkoms, sal afhang van grondpotensiaal en kan in **Tabel 1** opgesom word.

As 'n algemene reël, is 'n minimum van 20 000 plante in alle gebiede nodig vir 'n redelike en ekonomiese opbrengsteiken. 'n Finale aanvaarbare stand sal afhang van die datum van herplant. As dit te laat is, sal selfs 'n goeie stand nie die opbrengs van die oorspronklike 20 000 plante vervang nie.

Dit is belangrik om jou planter te stel om sowat 8% - 10% meer as die finale populasie opbrengsteiken te plant, om voorsiening te maak vir die saad wat nie ontkiem nie, gekompakteer is of insekskade het.

Maak seker dat jou planterkalibrasie in die skuur gedoen word deur die aantal draaie van die planterwiels per 100 m en die saadakkuraat te tel om die beplante plantpopulasie te bepaal. Indien die tyd dit toelaat, plant 'n klein gedeelte vroeg in die seisoen om plantspasiëring en akkuraatheid van die planter na te gaan vir elke ry.

Gevolgtrekking

Beplan vooruit vir hierdie jaar se omstandighede, kies die regte saad vir jou plaas en plant die korrekte plantpopulasie wanneer genoeg grondvog beskikbaar is. Hierdie wenke, indien dit behoorlik geïmplementeer word, sal verseker dat 'n winsgewende oes gedurende die komende 2013/2014-produksieseisoen behaal word.

Artikel voorsien deur 'n afgetrede boer.



Watter sojaboondinkcultivar of -kultivar moet ek plant?

Die besluit oor watter sojaboondinkcultivar om op jou plaas te plant met inagneming van jou plaas se heersende klimaatstoestande en grondpotensiaal, kan moeilik wees.

Die korrekte keuse kan slegs gemaak word deur die beoordeling van die resultate van die verskillende kultivars wat kommersieel onder jou eie beheerde omstandighede en produksiepotensiaal geplant word. 'n Minimum van drie plantseisoene is nodig om te begin bepaal watter kultivars op jou plaas werk en wat nie werk nie.

Indien dit enigsins moontlik is, reël vir kultivarproewe van verskeie maatskappye wat op jou plaas gedoen word, met twee of drie kultivars wat op 'n kommersiële skaal getoets is. Die korrekte kultivar behoort dan 'n verkeerde kultivar met 0,5 ton of meer per hektaar uit te stof en kan die verskil tussen winsgewende- of nie-winsgewende produksie wees.

Die enigste manier om die regte kultivar vir jou plaas te bepaal, is deur werklike produksie-ondervinding. Moenie kanse waag deur te raai wat die beste kultivars vir 'n gebied is om vir kommersiële produksie te oorweeg nie.

Sojaboondinkcultivars – agronomiese eienskappe

Die belangrike agronomiese eienskappe van sojabone vir teelprogramme en kommersiële produksie kan in 'n paar belangrike faktore verdeel word. Hierdie faktore sluit die volgende in: Seisoenlengte of volwassenheidsgroep (tipe groei, onbepaald of bepaald), gemiddelde dae tot blom, gemiddelde dae tot volwassenheid, planthoogte, peulhoogte, staanvermoë, weerstand teen skade, die gemiddelde sade in 1 kg-saad en ideale plantpopulasie.

Hierdie eienskappe word gewoonlik deur die saadkwekers of maatskappye wat dit voorseen, op 'n skaal van 1 tot 9 gegradeer, met byvoorbeeld 1 wat "hoog" of "uitstekend" is en 9 wat "laag" of "swak" is.

Baie van die kultivars is glifosaat en kan met uitstekende resultate in 'n gepaste "Roundup Ready" chemiese onkruidbeheerstelsel gebruik word. Die chemikalië wat in só 'n program gebruik word, moet egter versigtig teen die korrekte ouderdom van die plant toegedien word. Dit is wys om die spuitmengsel met 'n vrugbaarheidsbymiddel te meng om groei te bevorder en enige negatiewe effekte wat groei vir 'n week tot tien dae ná toediening kan vertraag, teen te werk.

Groeiseisoen of volwassenheidsklas

Saam met die groei van die tipe kultivar is hierdie een van die belangrikste eienskappe om te oorweeg.


Vroegryp- of vinnig groeiende kultivars is geskik vir koel streke of gebiede met 'n korter somergroeiseisoen. Vroegryp sojabone vereis minder hitte-eenhede om volwassenheid te bereik as die medium- of langer groeiseisoenvariëteite.

Vra jou saadverteenvoerdiger wat die regte keuse vir gematigde- en warm produksiestreke is.

Sojaboondinkcultivars is baie sensitief vir lengte, breedte en hoogte bo seevlak asook vir sonligintensiteit. 'n Verskil in hoogte van slegs 100 m tussen lande kan finale opbrengs op diesselfde kultivar beïnvloed.

Groeitipe

Een van die grootste faktore wat opbrengs in enige gegewe jaar met verskillende klimaatstoestande binne 'n boerderydistrik of -streek kan beïnvloed, is die groeitipe. Boere in Brasilië, wat een van die belangrikste sojaboonprodusente wêreldwyd is, het die aanpassing gemaak om hoofsaaklik onbepaalde groeitipe kultivars te plant.



Wat is die verskille tussen onbepaalde groeiers en bepaalde groeiers?

Baie verwarring bestaan onder boere oor die onderskeid tussen dié twee hooftipes. Semibepaalde kultivars is ook beskikbaar om te plant en dra by tot die verwarring by klassifikasie, omdat die groeingewoontes in die veld deur boere waargeneem word.

Onbepaalde groeiers

'n Onbepaalde sojaboondplant hou aan met groei en ontwikkel nuwe blare en nodes aan die bokant van die plant, terwyl blomme en peule terselfder tyd aan die onderkant van die plant ontwikkel. Soos die groeiseisoen vorder, kan daar volgrootte peule aan die onderkant van die plant wees, terwyl nuwe blare steeds aan die bokant vorm.

Bepaalde groeiers

Bepaalde sojabone het 'n ander groepatroon en voltooi eers hul vegetatiewe groeisiklus voordat hulle begin blom en saad vorm.

'n Bepaalde sojaboon kan dus 1 m hoog word en geen blomme of peule bevat nie, terwyl 'n onbepaalde sojaboon reeds begin peule vorm wanneer die plant slegs 350 mm tot 500 mm hoog is.

Die groot voordeel van 'n onbepaalde kultivar is die feit dat dit kan herstel ná tydperke van droë weer. Dit is wat verlede seisoen in die Oos-Vrystaat ondervind is, met plante wat hulle blomtyd "vertraag" het gedurende die uitgerekte Januarie-droogte en toe herstel het om 1,4 ton/ha te lewer. Hul effektiewe groeiseisoen was byna drie weke langer as die teoretiese tydperk tot volwassenheid. Dit was 'n baie definitiewe finansiële voordeel in hierdie geval.

Aan die ander kant, indien bepaalde groeiers 'n tydperk van warm- en droë weer ervaar wanneer die plant blom en peule vorm, kan die plant baie van die blomme en peule afspeen. Daar is dus nooit 'n kans om nuwe peule en blomme later te vorm nie.

Planthoogte, peulhoogte, staanvermoë en weerstand teen beskadiging

Bogenoemde faktore is ook belangrik. Die laagste peule moet vanaf grondvlak gemeet word. Dit moet ten minste 10 cm wees om die maksimum oes deur die stroper te hanteer. Planthoogte word geneties bepaal, maar sal beïnvloed word deur die weerstoestande in 'n bepaalde seisoen en kan wissel van 65 cm tot 100 cm.

Die kultivars wat gekies word, moet ook die vermoë wys om regop te kan bly staan vanaf fisiese volwassenheid tot en met strooptyd. Sojaboonpeule sal maklik oopgaan en sade uitgooi nadat dit fisiese volwassenheid bereik het en uitdroog. Indien reën ontvang word ná hierdie stadium, is die skade baie groot. Die enigste manier om hierdie verlore sade te oes, is gewoonlik om kleinvee op die land te sit ná die oes.

Plant altyd 'n verskeidenheid van kultivars met verskillende volwasse periodes, sodat die oesproses betyds voltooi kan word, omdat die gewas dan op verskillende tye ryk word.

Opsomming

Probeer om gesikte kultivars te kies met inagneming van al die faktore wat hierbo getoon word. Die belangrikste faktore sluit in die gebruik van kultivars wat gesik is vir die groeitydperk op jou plaas. Sluit beide bepaalde- en onbepaalde tipes met verskillende groeiseisoene in en monitor en neem plantdatums in ag. Monitor ook die belangrike agronomiese eienskappe en akkurate finale opbrengs van elke kultivar wat jy geplant het.

Hierdie inligting sal van kritieke belang by kultivarkeuse en die toekomstige suksesvolle sojaboonverbouwing wees sowel as by die finansiële sukses van jou plaas. ☺

Artikel voorsien deur 'n afgetrede boer.



Grondbeginsels vir spuit – onkruidspuitvoorbereiding en -kalibrasie

Deur jou spuit te kalibreer, bepaal jy die korrekte hoeveelheid spuitstofoediing, sodat die presiese en akkurate hoeveelheid chemiese middel per hektaar toegedien word. Hierdie proses is van kritieke belang vir die werking van die chemikaleë en hul doeltreffendheid om die gewenste resultate te bereik.

Jy moet weet hoeveel liter vloeistof jou tenk sal hou en daarvoor uitwerk hoeveel vol tenks benodig sal word vir 'n spesifieke werk. Die bespuiting verskil vir elke gewas, verskillende ryspasiëring en die ouderdom, hoogte en digtheid van die gewasse. Dit beteken dat dit nodig is om nuwe kalibrasies te doen vir elke nuwe blok en elke verskillende gewas. Die meeste chemiese maatskappye moet 'n verteenwoordiger stuur om boere by te staan en te kyk na die kalibrasieproses en hoewel dit goed is om te vra vir hierdie diens, is dit raadsaam dat elke boer die kalibrasieproses moet verstaan.

Kry jou spuit gereed

1. Maak die spuit goed skoon en maak seker dat daar geen tekens van roes of lekke is nie.
2. Maak die tenk half vol met gewone water en vat dan die spuit na 'n area met soortgelyke toestande waar die bespuiting gedoen sal word.
3. Gaan al die spuitpunte op die spuitbalk na om seker te maak dat dit doeltreffend werk.
4. Jy moet weet wat die presiese wydte van jou spuit se balk is en presies hoeveel spuitpunte dit het.
5. Daarna moet jy kyk hoeveel keer jou spuit oor 1 ha moet beweeg. Sien **Figuur 1**.
6. Die volgende stap in die kalibrasieproses is om jou spuit oor 'n 100 m-afstand te laat ry op dieselfde landtoestande waarop dit sal werk en die spoed te meet wat dit neem om die 100 m te dek.
7. Volgende moet jy die lewering van een spuitpunt meet met die aantal sekondes wat dit neem om jou spuit oor die 100 m-afstand te trek. Dit word gedoen deur die lewering van een spuitpunt in 'n maatbeker

Figuur 1: Bereken hoeveel keer jou spuit oor 1 ha grond gaan beweeg.

→ Bereken die wydte van die balk x 100 m = oppervlakte in vierkante meter (m^2)
(Byvoorbeeld: As jou balk 10 m lank is, $10 \text{ m} \times 100 \text{ m} = 1000 \text{ m}^2$
Aangesien 1 ha = 10000 m^2 , moet ons dan die spuit se area wat in 100 m^2 gespuit moet word, in 10000 m^2 deel.

Dit is om te bepaal hoeveel draaie die spuit sal moet maak ten einde 1 ha van die land te dek.

→ Vir 'n 10 m lange balk, sal die berekening soos volg wees:
 10000 m^2 gedeel deur $100 \text{ m}^2 = 100$ draaie, gedeel deur $100 \text{ m}^2 = 10$.
Dit beteken dat die spuitoestel 10 draaie oor die land sal maak om 1 ha te dek.



David Malo, 'n mielie- en sonneblomboer naby Deelpan in die Noordwes Provinsie, besig om sy mielies te spuit. David is 'n begunstigde van die herkapitalisasiebefondsing van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, en word deur Graan SA en John Mathews gemonitor.



Natie Visser van Sannieshof is 'n verteenwoordiger vir verskillende saad- en chemiese verskaffers. Hier is hy besig om David met die kalibrasie van sy spuit te help.

op te vang vir die presiese aantal sekondes wat dit geneem het om jou spuit die 100 m te laat afvlê.

8. Nou word die millimeter-lewering vermenigvuldig met die aantal spuitpunte op die balk om te bepaal hoeveel vloeistof deur die spuit toegedien moet word oor 100 m van die land. Dit is: 1000 ml van 1 spuitpunt $\times 12$ spuitpunte op die balk = 12 liter vloeibare lewering/ 100 m .
9. Vermenigvuldig die resultaat met die aantal draaie wat jy vroeër bereken het wat benodig word om 1 ha te dek. Dit is: $12 \text{ liter} \times 10 \text{ draaie} = 120 \text{ liter}/\text{ha}$.
10. Dit is nou van kritieke belang dat jy die berekening van die chemiese konsentrasie wat per hektaar benodig word, bereken en aan te pas volgens die aantal liter water wat jou spuit lewer. Byvoorbeeld, indien jou spuit 600 liter hou en 120 liter/ha lewer 600 liter gedeel deur 120 liter = 5. **Dit beteken dat jy 5 ha moet dek met 'n tenk van die chemiese mengsel.**
11. Verwys na die etiket op die bottel van die chemiese middel om te bepaal hoeveel liter of milliliter per hektaar gespuit moet word en pas dit aan. In die voorbeeld hierbo het ons bepaal dat

die spuit 5 ha/tenk water dek. In hierdie geval sal jy dan uitwerk hoeveel chemikaleë om in 'n tenk by te voeg vir 5 ha.

Nou het jy al die inligting wat jy benodig

- Jy weet hoeveel liter jou tenk spuit per hektaar.
- Jy weet hoeveel hektaar een tenk dek.
- Indien die hoeveelheid water wat nodig is, nie voldoende is nie, kan dit verfyn word deur die aanpassing van die pompdruk, óf opwaarts, óf afwaarts. Dit gee jou meer of minder waterlewering.
- Indien jy die waterlewering verander, moet jy al die berekening weer doen.
- **Moenie** die druk verander nadat die spuit uiteindelik gekalibreer en gestel is nie.
- Pas die chemiese middel en waterkonsentrasie aan volgens die aantal hektaar wat een tenk sal dek.

Baie belangrik

- Ná die eerste vol tenk op die land gespuit is, is dit baie belangrik om die area wat gedeck is, te meet, om sodoende te bevestig dat jou kalibrasies korrek is. Maak aanpassings indien nodig.
- Maak seker dat al die spuitpunte korrek werk en nie geblok is nie.
- Maak seker dat die tenkfilters daagliks skoongemaak word om te verseker dat die vloeibare konsekwent is.

**Artikel voorsien deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer
inligting, stuur 'n e-pos na
jenjonmat@gmail.com.**

Graan SA het boere by Agri Mega Week gehuisves

Graan SA het 'n gastetent geborg tydens die Agri Mega Week (18 - 21 September 2013), wat op Bredasdorp gehou is, om alle Graan SA-lede, rolspelers in die graanbedryf en lede van die media te ak-kommodeer. Proviniale bestuurders van die Wes- en Suid-Kaap sowel as Jannie de Villiers, Louw Steytler en Susan Engelbrecht van Graan SA se Hoofkantoor het hierdie gebeurtenis bygewoon.

Vrydag was die hoogtepunt van die byeenkoms, met baie goeie bywoning deur ons ontwikkelende boere in die Wes- en Suid-Kaap. Boere het die geleentheid gehad om met Louw Steytler en Jannie de Villiers te praat asook om hul gedagtes te bespreek oor wat die toekoms inhoud ten opsigte van die beskikbaarheid van grond in die Wes- en Suid-Kaap. Baie boere het hul waardering teenoor Graan SA uitgespreek en is vol vertroue in die leiding en ondersteuning wat tot dusver gegee is en voel verseker oor die organisasie se ondersteuning in die toekoms.

Alhoewel Graan SA sowat 38 kursusse in die Wes- en Suid-Kaap gedurende die laaste drie maande aangebied het, is daar steeds 'n groot behoefte aan opleiding. Baie ontwikkelende boere het hul behoefte uitgespreek aan opleiding en hierdie behoefte sal sekerlik aangespreek word in die komende maande. Die Agri Mega Week het ook aan Graan SA die geleentheid gebied om die boere wat in die Wes- en Suid-Kaap woon, in te lig oor Graan SA se aktiwiteite in die res van die land met betrekking tot studiegroepe, opleiding, boeredae en skoolprogramme, en het die boere aangemoedig om in sy voetspore te volg.

**Artikel voorseen deur Liana Stroebel,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na liana@grainsa.co.za.**



Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFRедакteUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg
Vrystaat (Bloemfontein)
► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mithombothi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlhlanla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
► 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal (Vryheid)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Jenilee Bunting

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

Toit Wessels
Wes-Kaap (Paarl)
► 082 658 6552 ◀ toit@grainsa.co.za



Kom ons sê nagmuise die stryd aan!

Nagmuise en die bestuur van dié klein dierjies is 'n uitdaging vir meeste boere. In hierdie artikel gee ons 'n kort, puntsgewyse opsomming van hoe dié plaag bestuur moet word.

- Ploeg 'n slag daardie nagmuiskolle ordentlik, want as dit veral in oorstaanlanderye net so ge-laat word, bly die nagmuise lekker gemaklik en niemand breek hulle kolonies af nie – dit is veral belangrik vir boere wat min- of geenbewerking toepas.
- Gebruik uile en roofvoëls om die nagmuise die skrik op die lyf te jaag en dié van hulle wat dit buite waag, summier te vang – sit dus sitplekke op vanwaar die uile en roofvoëls op die muise kan jag maak.
- Gebruik slegs geregistreerde knaaggierzooders wat die roofvoëls nie sal vergiftig nie.
- Maak seker die knaaggierzooder is 'n aanloklike lokaas. Een van die beste en minste skadelike tegnieke, is om saggekookte graan of ontkiemende graan met kookolie en sinkfosfied te behandel en dan in pype langs die landerye of in digte nagmuiskolonies uit te plaas.
- Moenie wag tot die nagmuise se bevolkings ontploff nie – vat hulle nou dadelik aan voordat hulle die ontkiemende plantjies uitdolwe en opvreet.
- Plant saam met die hoofgewas 'n lokgewas wat saam met die hoofgewas sal ontkiem – dit moet sommer baie dig in die wenakker geplant word. Vat daardie ou mielie- of koringsaad wat nie meer so lekker kiemkragtig is nie en plant dit. As die nagmuise dan kos wil hê, is daar mos iets op aanbod vir hulle.
- Los die slange, meerkaie en muishonde in vrede, want hulle vreet ook deel van die nagmuise se aanteel op.
- Werk saam met medeprodusente om die nagmuise die stryd aan te sê – ons kan nie die oorlog teen hulle wen as almal nie saamwerk om hulle bevolking te beheer nie. ☺



Dit is hoe 'n nagmuise moet lyk.



Nagmuisgate tussen die mielies.



Nagmuismis dui aan waar hulle aktief is.



Nagmuise 10; boer 0.

**Artikel verskaf deur dr Gerhard H Verdoorn,
Griffon Gifinligtingsentrum en Vereniging
van Veterinêre- en Gewasverenigings
van Suid-Afrika (AVCASA) vir SA Graan/Grain
November 2012. Vir meer inligting, stuur
'n e-pos na nesher@fiscali.co.za.**

